

**25 Desember**

**Jesaja 52:13-53:3**

***Die koms van die Verlosser - doodgewoon eenvoudig***

As Jesus vandag, hier aan die einde van 2000 vir die eerste keer as Mens na die wêreld gekom het... dink jy ons sou Hom met ope arms ontvang het? Dink jy ons sou met entoesiasme erken het: Hy is die lewende God?

Baie van die Fariseërs het Jesus as die Messias verwerp omdat Hy nie aan hulle verwagtinge voldoen het nie. Hulle het gedink: Hy gaan hulle van die Romeinse oorheersers bevry. Hy gaan hulle ekonomie weer regruk. Hy gaan 'n Man van statuur en aansien wees.

So koester mense vandag soortgelyke verwagtinge van Jesus. Hy bring voorspoed en roem, sportprestasies en blakende gesondheid. En as dit nie gebeur nie, is 'n mens teleurgesteld in Jesus.

Nee, sê die Here deur die mond van die ryk en geleerde profeet, Jesaja. Die koms van die Verlosser is doodgewoon eenvoudig. Hy is soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. So 'n plant sukkel mos om te groei. In die harde droë grond is dit 'n klein ou plantjie. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na Hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van Hom sou hou nie.

Sy geboorteplek is 'n stal. Sy wiegie 'n voerkrip. Sy ouers is arm mense. Hy groei op in 'n ou klein vaal dorpie. Sy volgelinge is ongeletterde vissermanne. Sy vriende is die tollenaars en prostitute en sondaars. Sy sterfbed, 'n kruispaal. Moenie Jesus net in die groot dinge van die lewe soek nie. Sien hom ook raak in die klein alledaagse dingetjies van die lewe. Hy is daar waar 'n pa vir sy gesin uit die Bybel lees. Hy is daar in jou katekisasieklas en as die ouderling op huisbesoek is.

Sing: Skrifberyming 1:5

Ds. C.S. Grobler (Stellenbosch)